Nuusbrief 73

Abraham Kriel

GESPREKKE OOR JEUG

Childcare
Abondli Babantwana
My anker van hoop
My anchor of hope
Kindersorg
Batlhokomedi baBana

IN DIE UITGAWE

Dis nou krieket 2

Koestermammas 2

Kos vir die Siel 2

Innerlike Kalmte en Vrede 3

Die regte persoon 3

Die tweeling skud hul vlerke 3

Skryf die hoofstuk 4

Bydrae vorm 4

www.abrahamkriel.org
info@abrahamkriel.org
Tel: (011) 839-3058/60
Fax: (011) 839-1080

Vreugde is 'n geskenk wat jy aan jouself gee

In die "Book of Joy" ondersoek die Dalai Lama en Aardsbiskop Emeritus Desmond Tutu verskillende maniere waarop mens vreugde kan vind in 'n wêreld vol probleme, pyn en hartseer. Een van die punte waarop hulle ooreengekom het, is die nodigheid vir 'n mens om 'n treetjie terug te gee van hulle eie pyn, bekommernis en sorge en sodoende 'n wyer perspektief te kry op die wêreld. Dit is onvermydelik dat 'n mens dan besef dat jou hartseer en kommer nie uniek is nie.

Om die fokus van 'n mens se eie pyn en probleme te verskuif na veel groter probleme, maak geleenthede oop om die wêreld positief te beinvloed, wat op sigself helend en vreugdevol kan wees. Dit klink taamlik maklik en logies, maar in werklikheid kan dit nogal veel gevra wees om verby 'n mens se onmiddellike omstandighede te kom. Wanneer jou kind siek is, sal jy waarskynlik siek wees van bekommernis. Indien jy jou werk of huis verloor, is dit onwaarskynlik dat jy sal kans sien om te kyk na ingewortelde armoede in jou omgewing.

Tog het ons al verskeie mense teëgekom wat hulle eie sorge as te ware ingespan het om groter probleme aan te spreek. Ons het 'n ma ontmoet wat haar enigste kind verloor het as gevolg van 'n terminale siekte, maar die dogter in herinnering roep deur jaarliks verskeie meisies te bederf met 'n spesiale geskenk op haar kind se verjaarsdag. Ons het gesien hoe hartseer families hulde bring aan 'n geliefde deur donasies aan sy/haar gunsteling welsynsinstansie te versoek, in plaas daarvan om blomme te ontvang. Ons het ervaar hoe 'n baie siek seuntjie sy speelgoed kom uitdeel het aan kinderhuis kinders. Hy wou seker maak die speelgoed word na sy dood geniet.

Nie elkeen wat Abraham Kriel Kindersorg ondersteun, het 'n tragiese storie om te vertel nie, maar almal het die vreugde ontdek om nieteenstaande persoonlike pyn en lyding, iets goed te doen vir iemand anders.
Ek haal my hoed af vir elke donateur, vrywilliger, kuiergas, raadgewer en wens u oneindige vreugde. Die nuusbrief is toegewy aan elkeen wie se liefde, energie en omgee soveel beteken vir die 1000+ kinders en jongmense wat ons versorg en bemagtig.

Paul Momsen
Chief Executive

DIS ALLES IN DIE PRENTJIE!

Tydens 'n besoek aan die Langlaagte kampus het die "Heart of the Lion" groep van Parktown Boys High 'n geweldige indruk op ons seuns gemaak. Na 'n middag van rugby en pretaktiwiteite wou ons kinders nie die groot seuns laat gaan nie. "Toe ons moes gaan, was hulle hartseer en wou hulle nog 'n bietjie tyd met ons spandeer. Dit het my laat dink ek moet my kleinboet meer waardeer en meer tyd saam met hom deurbring," vertel Samukelo, 'n leerder by Parktown Boys High. "Die oomblik wat ek by een van die huise ingestap het, is ek met 'n breë glimlag en drukkie van een van die kinders verwelkom. Die ervaring het my en my maats nederig laat voel," vertel Wakeford. Van ons kant, dankie dat julle ons gehelp het om ons donasie stoor uit te pak en te organiseer Parktown Boys. Dankie ook vir die kruidenierswaare en lekkergoed. Die grootste DANKIE is egter vir die kosbare tyd wat julle saam met ons seuns deurgebring het.

DIS NOU KRIEKET

"Oom Omash, kom speel saam", roep die seuns van die Abraham Kriel Gesinsorgprogram, vanwaar hulle op die grasperk langs die tydelike kantore op die hoek van Fuelweg en Haylaan in Westbury speel. Met die wonderlike weer van 'n hoëveldse laatsomermiddag was die versoeking net te groot en Omash Ramjathan het gaan kolf. Omash is die bestuurder van hierdie program.

Na 'n paar balle was die seuns in verwondering, "Ons het nie geweet Oom is so goed nie," het hulle uitgeroep. Sy antwoord was, "Wat het julle verwag. Ek is 'n Indiër en krieket is in my bloed!"

Die daaglikse "krieketwedstryde" is een van verskeie inisiatiewe wat Morgan Mahala, jeugwerker vir hierdie 150 kinders begin het. Sulke ontspanningsprogramme bring nuwe belangstellings en kleur in die kinders se lewens. Die belangrikste voordeel is egter dat dit Morgan kans gee om hulle te leer ken en hulle vertroue te wen. Op die manier kan hy aan hulle geestelike behoeftes voldoen op 'n vlak wat vir hulle betekenisvol is. Boonop ontwikkel die kinders lewensvaardighede en gesonde maniere om te sosialiseer.

Die Mergon Foundation het Abraham Kriel Kindersorg in staat gestel om 'n jeugwerker aan te stel in hierdie program. Mergon Foundation se substansiële maandelikse donasie maak die pos moontlik. Die gereelde krieket wedstryde is nie die enigste vreugde wat moontlik gemaak word deur Mergon Foundation se befondsing nie - allermins, maar dit waarborg 'n glimlag en jillende kinders.

Die area waar die kinders speel is in skerp kontras teen die geweldige armoede van die omgewing waar hierdie kinders woon. Dit verteenwoordig 'n groot verbetering op hulle lewenskwaliteit en ook hulle aspirasies.

KOESTERMAMM

Jeanette, huismoeder van ons Aasvoëlkop satelliethuis, het 'n ondersteuningsgroep op die been gebring, wat sy 'Koestermammas' noem. "Dit is 'n groep dames wat ons dogters individueel uitneem om te gaan inkopies doen vir hulle maandelikse toiletware. Belangriker nog is dat hulle geleentheid het om aan die meisies lewenservaring , liefde en sorg oor te dra, " vertel Jeanette.

Elke meisie moet haar lysie van toiletware voorberei voor hulle gaan koop. Die dames help hulle om binne begroting te bly en te onderskei tussen luukshede en noodsaaklike items. Die dames speel 'n groot rol om die meisies daardie lewensvaardighede te leer, wat ons as vanselfsprekend aanvaar. Hierdie 'Koestermammas' is ook beskikbaar as ondersteuningstelsel wat die meisies leer dat daar mense ook buite Abraham Kriel Kindersorg is wat omgee oor hulle. Soms neem hulle die meisies uit vir 'n melkskommel of 'n spesiale bederf met verjaarsdae en Kersfees.

Ons het groot waardering vir die tyd en moeite wat ons 'Koestemammas' belê daarin om 'n betekenisvolle verskil te maak in die meisies se lewens.

Kos vir die Siel

Steinhoff Internasionaal is ons finansiële vennoot wat befondsing voorsien vir die 400 begunstigdes van Abraham Kriel Kindersorg wat bedien word as MIV/VIGS geaffekteerdes. Hul borg ook die Teël-en Verfwerk kursus by ons Vaardigheidsontwikkelingsentrum.

Die *Steinhoff Extended Family* program het al soveel van ons begunstigdes en hul gesinne gered. Die Malindi familie is 'n goeie voorbeeld. Die gesin van vier met 'n werklose mamma en haar drie skoolkinders is al deur baie moeilike tye. Vir Nompi, die mamma was dit ongelooflik pynlik en hartseer om te sien hoe haar kinders honger bed toe gaan. Daar was geen ondersteuningstruktuur waarop hul kon terugval nie. Gevolglik is die kinders akademies en sielkundig hierdeur geaffekteer.

Toe ons span uiteindelik in 20
hul te verduidelik dat hul as be
ingesluit is, was dit soos 'n ant
Uiteindelik sou hulle die onde
broodnodig het.

Vandag –drie jaar later is hierd
voorspoedige gelukkige toeko
op skool! Nonhlanhla is na aar
en volgehoue akademiese toe
spogskool in Soweto aan te slu

"Ons kon nie eens 'n brood b
gaan slaap. God alleen weet h
kon deel word van die prograr
Extended Family program en
bedank. Ons het soveel waard
ondersteuning" – Malindi fam

Die kinders het heerlike hamburgers en roomys geniet by hulle jaarlikse Steinhoff Kersfeespartytjie.

MAS

14 die familie besoek om vir
egunstigdes by die program
woord op hul gebede.
rsteuning geniet wat hul so

ie familie wel op pad na 'n
oms. Die kinders doen goed
nleiding van haar prestasies
ewyding genader om by 'n
uit.

ekostig nie en het honger
oe ons oorleef het voor ons
m. Ons wil graag die *Steinhoff*
Abraham Kriel Kindersorg
ering vir julle werk en
ilie.

INNERLIKE KALMTE EN VREDE

Arabang Molepo is 'n gemeentelid by Andrew Murray NG Kerk. Arabang het die kinders van Maria Kloppers kampus aan yoga voorgestel. Sy leer vir hulle 'n nuwe metode om innerlike kalmte en vrede te vind. Elke Dinsdag- en Donderdagmiddag het die kinders geleentheid om te ontspan en om gees en liggaam met mekaar te verbind. Ernesta Teesson, kampusbestuurder, sê "Hierdie oefening help die kinders om te kalmeer, te fokus, hul energie te herlaai en om meer soepel te raak.

Ons is geseënd om ondersteuning en leiding van ons plaaslike gemeentes te ontvang. Ons opregte dank dat julle uitreik na ons kinders en hul met die Liefde van God koester.

DIE REGTE PERSOON

Thapelo is 'n goed gekwalifiseerde Zoeloe-sprekende manlike terapeut, wat vir ICAS* werk. Hy offer Donderdagaande op om drie seuns by die Maria Kloppers Kampus te behandel . Hy is fenominaal. Sy kalm benadering en besondere sin vir vertroulikheid het die seuns gehelp om perspektief te kry op die lewe. Thapelo kon kulturele kwessies in die seuns se moedertaal aanspreek en hulle het onmiddellik aanklank gevind. Aggressiewe gedrag het verander in beheersde aanvaarbare gedrag. Tydens die sessies het die seuns hulle ware identitiet ontdek en hulle kon identifiseer met Thapelo deur die unieke manier waarop hy sake benader. In die verloop van 'n paar maande het die seuns se gedrag verbeter. Hulle was toegerus met basiese lewensvaardighede en het bemagtig gevoel.

Thapelo is meer as bloot 'n Zoeloe-sprekende manlike terapeut. Hy het besondere vaardighede en hy ontvang ondersteuning en leiding van sy supervisors by ICAS. Hy kon drie van ons moeilikste tienerseuns leiding gee, sodat hulle daagliks groei en in staat is om feitlik elke moeilike situasie te hanteer met die vaardighede wat Thapelo hulle leer. Dankie aan ICAS en Thapelo. Julle impak op die lewens van die seuns op so 'n kritiese fase van hulle lewens, sal 'n leeftyd hou.

*ICAS Southern Africa is 'n diensverskaffer aan die sakegemeenskap wat die welstand van werknemers bevorder en gedragsrisikos bestuur.

DIE TWEELING SKUD HUL VLERKE

"Dit is my droom om op 'n luukse passassierskip te gaan werk en dan eendag my eie salon te besit," sê Rae, terwyl sy besig is om tannie Magriet se naels te verf. Harde werk, deursettingsvermoë en die omvattende hulp wat sy tans van Flight Centre Foundation ontvang, kan 'n nuwe hoofstuk in Rae se lewe beteken.

Tweelingsussies, Rae en Taryn (16 jaar)*, is in 'n spesiale skool, maar ongeag akademiese uitdagings, het hulle drome en planne vir hul toekoms. Hulle ontwikkel vaardighede wat wel in beroepe of entrepreneurskap kan vergestalt.

Flight Centre Foundation het vir Taryn 'n naaldwerk-masjien geskenk en sy is tans besig om lakens te maak vir die baie beddens op die Langlaagte kampus. Die materiaal is ook geskenk. Rae verdien R50 vir elke manikuur wat sy vir die dames op Langlaagte doen. Flight Centre Foundation verseker hierdie dogters se ontwikkeling deur alle kursusse, skryfbehoeftes, klere, toerusting en nodige produkte te borg.

Donateurs soos Flight Centre Foundation se betrokkenheid inspireer ons kinders om die beste van hul geleenthede te maak.

Die tweelingsussies het nie alleen vaardighede nie, hulle vaar ook uitstekend in swem en netbal. Taryn en Rae staan op die drumpel van 'n opwindende 2017.

**Skuilname*

Help om die volgende hoofstuk in 'n kind se lewensverhaal te skryf en verander sy lewe!

"Ons dank die Vader daagliks vir die ondersteuning wat u as donateur aan ons kinders en jongmense gee."

Elke kind en jongmens in ons sorg het 'n storie om te vertel. Hierdie stories vind nie in isolasie plaas nie. In die gees van Ubuntu, waar Ek is omdat jy is, raak hulle stories gelukkiger met die hulp van die direkte steun van donateurs, plaaslike gemeenskappe en gemeentes. Alle bydraes maak 'n geweldige impak op die ontwikkeling van kinders.

Help skryf aan die volgende hoofstuk. Ons vra u om by te dra tot hulle ontwikkeling. Sodoende kan kinders hul geleenthede optimaal benut en uiteindelik bydraende lede van 'n gemeenskap word.

Hier is die borgskap opsies vir 'n kind in ons verskillende programme:

- **R43** .....per kind per dag om ons Johanna Malan Vroeë-kinderontwikkelingsprogram by te woon.
- **R52** .....per kind per dag in ons gemeenskapsdiens programme in Soweto and Westbury.
- **R81** .....per kind per skooldag vir getraumatiseerde kinders om ons Impakskool by te woon.
- **R173** ...per kind per dag vir residensiële sorg.
- **R240** ...per dag vir die versorging van babas en peuters by ons Maria Kloppers Kampus.



ABRAHAM KRIEL

Banking Details:
Abraham Kriel Childcare
Absa Bank. Acc: 140 941 336
Branch: 632005

Childcare Abondli Babantwana My anker van hoop My anchor of hope Kindersorg Batlhokomedi babana

Verander kinders se lewensverhaal…

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

73

Naam:
Posadres:
Tel: Faks: Sel:
E-pos: Geboortedatum: Kontak my asseblief: ☐

EK WIL GRAAG…

Die e-nuusbrief ontvang ☐

'n Eenmalige bydrae maak ☐

DEBIETORDER INSTRUKSIES

Rekeninghouer:_____ Rekening Nr:_____

Tipe Rekening:_____ Lopende: ☐ Transmissie: ☐

Bank:_____ Tak:_____

Takkode:_____

10% jaarlikse verhoging gemagtig Ja Nee

Belangrik: Jou handtekening is nodig om aftrekkings te matig.

Handtekening

MAANDELIKSE BYDRAE

Ek onderneem 'n maandelikse bydrae van R100 ☐ R120 ☐ of meer R_____

Merk die toepaslike opsie:

Per geskeduleerde EFT (Selnommer as verwysing op die deposito): ☐ _____

Per kredietkaart : ☐ Per debietorder: ☐

Onttrek asseblief R_____ op die_____ dag van_____ 2016 en elke maand daarna om Abraham Kriel Kindersorg te ondersteun.

KREDIETKAARTINSTRUKSIE

Kaarthouer:

Eenmalig: ☐ Maandeliks: ☐

Kaart Nr.

Vervaldatum:

10% jaarlikse verhoging gemagtig Ja Nee

Handtekening